MEDIA RELEASE
by CHRISTIAN DEMOCRATIC PARTY (CDP)

21 APRIL 2011 (3)

Malema gooi eier in ANC se gesig

"Hoe langer Julius Malema in die getuiebank vertoef, hoe duideliker word dit dat mnr. Gwede Mantashe uiters vermetel was in sy uitlatings dat 'n skikking die opvoeding van die klaers behels – die persoon wat die meeste opvoeding nodig het, is heel duidelik Malema." So sê ds. Theunis Botha, leier van die Christen-Demokratiese Party (CDP).

"Onder die getuienis wat hy nou reeds gelewer het wat op 'n totale gebrek aan opvoeding en kennis dui, is sy erkentenis dat hy as kindersoldaat, in regstreekse botsing met die internasionale reg, opgelei is. Voorts is sy verstandhouding van demokrasie 'n mengsel van revolusie en 'n diktatuur van die meerderheid – met geen sweempie begrip vir wat 'n grondwetlike demokrasie behels nie. Sy getuienis oor grondhervoring het met hervorming niks te make nie, maar is alles oor grondgryp met Mugabe as vernaamste rolmodel.

"Voorts stel hy pres. Jacob Zuma se totale gebrek aan leierskap aan die kaak. Terwyl Zuma tog moes weet van die aanhitsende en verleetheidwekkende getuienis wat aan die kom is, is die president tjoepstil en gereeld in die buiteland.

"Die land kan nie hierdie eietydse vioolspelery bekostig terwyl Rome brand nie. Dring dit nie tot die president deur dat Malema se uitsprake dat die ANC-liga die ANC se beleid van môre bepaal nie? Enige verantwoordelike party sou stik van ontsteltenis.

"'n Mens aarsel om die vraag te vra hoe dit moontlik is dat die tydperk voor die Wêreldbekersokkertoernooi erg bloedig aan plaasmoorde was, waaronder dié van mnr. Eugene Terr'Blance, maar tydens die toernooi opgedroog het. Nou was daar weer 'n bloedige fase van plaasmoorde, tot die hofsaak aangebreek het. Kan dit werklik toevallig wees, want dit lyk darem te toevallig dat plaasmoorde skielik kan opdroog wanneer dit die ANC in 'n te groot verleentheid sou stel.

"Intussen het die hof verdaag en wag ons nou op die uitslag."

Malema causes ANC egg in the face

"The longer Julius Malema spends in the witness dock the more apparent it becomes how foolhardy Mr. Gwede Manthashe was in his statements that an out of court settlement should be based on the education of the complainants – the person most in need of education is Malema himself." So says Christian Democratic party (CDP) leader, Rev. Theunis Botha.

"The evidence of Malema so far, makes it quite clear that his lack of education and facts stem from his admission that he was trained as a child soldier, a clear contravention of International Law. This evidence is very damaging to his own party. His grasp of democracy is a mixture of revolution and a dictatorship of the majority – with no indication that he has any grasp of a constitutional democracy. His evidence on land reform has nothing to do with land reform, but is all about land grabs in a style of Robert Mugabe, who Malema sees as a role model.

"He also fully exposes Pres. Jacob Zuma's shortcomings as leader. Zuma should have expected the damaging and polarising evidence given by Malema, but he is silent and absent – often abroad. The country can ill afford this contemporary playing of the violin whilst Rome is burning. Is the president closing his ears to Malema's statements that the Youth League determines the ANC's policy of tomorrow? Any party with a sense of responsibility would have a fit should their youth speak in this manner.

"One cautiously observes that the period before the World Soccer Cup was extremely bloody in terms of farm murders, including that of Eugene Terre'Blance, whilst such attacks dried up during the tournament. Similarly, the run up to the hearing was very bloody in terms of farm murders, but suddenly stopped when such murders would have been very damaging to the ANC during the trial. Is it really possible that this is a mere coincidence?

"In the meantime the case has been adjourned and now we await the results with bated breath."